

■ Dollar krap wêreld om

Sou die VSA vandeemaand besluit om die land se rentekoerse te verhoog, sal dit bepalend wees vir die rentekoerse van ontluikende lande soos Suid-Afrika.

Daar word dikwels gevra waarom Suid-Afrika en die res van die wêreld so 'n obsessie oor die Federale Reserwebank van Amerika (Fed) se rentekoerse het?

Dit gaan volgens ekonomiese alles oor dominansie. Die VSA is die magtigste ekonomie ter wêreld en die Amerikaanse dollar is die oorheersende geldeenheid, terwyl die Fed die dominante sentrale bank in die wêreld is.

Wanneer die Fed besluit om rentekoerse (tans 0.25%) te verhoog, verwag ons dat die dollar sal versterk. Die meeste ontluikende lande leen in dollar en 'n verstewiging van die dollar verhoog dan hul leningskoste.

Ekonomiese voorspel dat die Fed op 13/14 Desember koerse gaan verhoog. Ná die verkiesing van Donald Trump as Amerikaanse President het die Amerikaanse tien jaar skatkiswissels sterk gestyg. Dit dui aan dat die Amerikaanse rentekoerse waarskynlik nie slegs in Desember nie, maar nog 'n paar keer in 2017 kan styg.

Janet Yellen, voorsitter van die Fed, sê die liggaam se besluite oor rentekoerse word nie deur politiek beïnvloed nie. Tog is dit welbekend dat sy die Demokrate se Hillary Clinton ondersteun en dat Trump haar gekritiseer het oor sy Clinton tydens die verkiesing gehelp het. Yellen sê egter sy gaan aanbly tot haar termyn in 2018 verstryk, tensy Trump iemand anders aanstel.

Na verwagting sal die fiskale beleid (besluite in die parlement om via uitgawes of belastings die ekonomie te beïnvloed) aansienlik deur Trump verslap word. Dit sal goed vir die Amerikaanse ekonomie wees, maar sal die Fed noop om dit met hoër rentekoerse uit te balanseer.

Trump is veral teen die Dodd-Frank finansiële regulasies gekant wat ingestel is om finansiële krisisse soos dié in 2009 te voorkom. Hy sê dit beperk die ekonomie en moet

verwyder word. Yellen meen egter dit is noodsaaklik om die ekonomie teen afswaai te beskerm.

Die verslapping van fiskale beleid en die verstewiging van monetêre beleid (optrede deur die Reserwebank om die geldvoorraad en/of rentekoerse aan te pas om stabiele pryse/groei/indiensneming te bewerkstellig) beteken dat 'n geldeenheid sal verstewig.

'n Verstewiging van die dollar kan baie pynlik vir die res van die wêreld wees. Dit is die wêreld se geldeenheid van handel en 'n verstewiging daarvan sal veral negatief wees vir ontluikende lande wat goedere na die VSA uitvoer.

Daar is verskeie voorbeelde van ekonomiese krisisse in ontluikende lande wat in die verlede gepaard gegaan het met die verstewiging van die dollar. Dink maar aan Brasilië/Argentinië in die vroeë tagtigs, Mexiko in 1994 en die Asiatiese krisis in 1997.

Wat beteken dit vir Suid-Afrika? Die SA Reserwebank sal, soos in die verlede, nie ingryp om die rand te beskerm nie. Die geldeenheid is juis die meganisme wat die skok absorbeer en sodoende die ekonomie beskerm.

Ons Reserwebank sal die gevolglike sekondêre impak van 'n verswakte rand hanteer, soos die inflasiekoerse wat styg. As dit gebeur, sal die plaaslike rentekoerse verhoog word of bestaande koerse vir langer op dieselfde vlak gehou word sonder om dit te verlaag. Ons sal eenvoudig die pyn moet vat en dit sal via die koers plaasvind.

Hoër plaaslike koerse sal ekonomiese groei net verder onderdruk, terwyl dit nie noodwendig inflasie in toom sal hou nie. Dit is duidelik nie goeie nuus vir ons ekonomie nie.



Politiek ontstig die markte

Ontluikende markte soos Suid-Afrika was skielik in 'n warboel ná die verkiesing van Donald Trump as die nuwe President van die USA.

Daar heers steeds algehele onsekerheid en kommer onder beleggers. Hul risiko is reeds deur Trump se verkiesing verhoog, maar wat lê verder voor indien die Amerikaanse rentekoerse verhoog en ons nou of later rommelstatus kry? Dit kan vir SA jare neem om uit rommel te kom.

Dit is duidelik dat beleggers in Suid-Afrika 'n nuwe era van onstabieleit betree wat hul beleggings op risiko plaas. Politieke skokke is 'n wesentlike risiko, want dit bring onsekerheid in die wêrelddekkonomie en markte sal 'n tyd neem om die politieke verwickelinge te verwerk.

Suid-Afrikaners belê reeds minder en baie onttrek nou ook hul beleggings. Dit kan gesien word in die jaarresultate van fondsbestuurders. Coronation, een van die grootste fondsbestuurders in Suid-Afrika, se bates onder bestuur het byvoorbeeld met sowat 2% tot R599 miljard tot einde September afgeneem. Dit is die eerste keer sedert die finansiële krisis in 2008 dat Coronation 'n netto uitvloei van sy effektrusts ervaar. Beleggers het R18 miljard meer onttrek as wat die afgelope boekjaar belê is.

Dis ironies dat meningsopnames en markvoorspellings met Trump heeltemal verkeerd was. Dit blyk hoe meer inligting oor die markte bekend word, hoe meer onvoorspelbaar raak alles. Ons besef telkens ons weet minder of selfs niks nie!

Dit geld ook in die beleggingsbedryf. Daar is bykans 1 200 effektrusts in SA en sowat 400 genoteerde aandele en die vraag is: "Hoe weet jy wat om te kies?". Dan is die vraag ook of die betrokke fondsbestuurder wel goeie keuses gaan maak? Navorsing in Amerika het getoon dat die einste 98% van jou top fondsbestuurders ook minstens drie jaar lank onder jou swakste presterende fondsbestuurders getel het.

Sekere fondsbestuurders sal steeds die markte kan klop. Statistiek bewys egter dat niemand die mark voortdurend kan klop nie.

Die JSE se indeks van alle aandele het in April verlede jaar 'n rekordvlak van 55 188 punte bereik. Dit het sedertdien tot onder 50 000 punte teruggesak. Vir baie ontleders is dit reeds kommerwekkend hoog aangesien die kapitaal- en totale opbrengs-indekse op hoë vlakke is en die mark heeltemal oorwaardeer is.

Die nuwe risiko's en vrees vir die onbekende maak beleggers versigtig en baie het hulle reeds begin verskans. Van hulle kyk met nuwe oë na vasgestelde gemiddelde opbrengs-beleggings wat nie aan die markte blootgestel is nie.

Moet jy jou geld na die geldmark skuif?

Die geldmark se opbrengs is dikwels minder as inflasie en behoort net as tydelike parkeerplek van geld te dien voor dit elders aangewend word. Die geldmark is nie gewaarborg nie en banke soos, byvoorbeeld, ABSA vra 'n aanvangs- en jaarkoste. Die maatstaf vir só 'n belegging moet dus beskikbaarheid wees en nie opbrengs nie.

Wat van sement en bakstene?

Daar kan slegs 'n oplewing in eiendom wees, indien die ekonomie 'n bulfase betree. Dit gaan waarskynlik nie binne die volgende paar jaar gebeur nie. Boonop is daar te veel koste en insette met eiendomsbeleggings nodig.

Bly by aandele

Aandele as bateklas het die afgelope dekades gemiddeld beter as enige ander bateklas presteer. Dit is ook belangrik om in die mark te bly en nie van die een na die ander bateklas te skuif nie. Voortsetting van beleggings in aandele lewer die beste opbrengste oor die lang termyn.

Watter tipe aandele?

Hier is die keuse tussen regstreekse aandelebeleggings, effektrusts, indekse en voorkeuraandele.

Om aandele regstreeks te koop, is baie riskant. Enkele aandele behels nie genoeg diversifikasie nie en 'n belegger kan maklik kapitaal verloor.

Effektrusts word deur fondsbestuurders hanteer en die belegger se risiko is meer versprei. Die fondsbestuurder hoop om munt te slaan uit markskommeling om sodoende beter as die markgemiddeld te presteer. Tydsberekening is bepalend en hulle probeer die mark voorspel. Met die nuwe onsekerhede in wêreldmarkte kan hulle dit nou dalk meer verkeerd as reg hê.

Vir die belegger is die opbrengs nog 'n groter risiko, want kostes van die fondsbestuurder, asook moontlik aanvangs- en jaarkoste van 'n finansiële adviseur, moet nog afgetrek word.

Baie mense skrik vir die risiko en koste van effektrusts en belê eerder in aandele-indekse soos die JSE se Top Veertig Indeks waar die risiko onder jou veertig grootste kapitalisasie maatskappye van die JSE versprei is. Dit behels net 'n fraksie van die koste en die oogmerk is om gemiddelde opbrengste te lewer.

Maar wat as die aandelemark in geheel tuimel en selfs jou indekse onderpresteer? Jy is met indeksfondse steeds blootgestel aan markskommeling en sentiment.

Kyk na voorkeuraandele

Gaan een stap verder en kyk na voorkeuraandele. Sekere voorkeuraandele bied 'n konserwatiewe, maar vaste koers en jy het nie die risiko van verhandelings of selfs koste nie.

Dieselfde beginsel van effektrusts (belê in aandele) en indekse (belê in aandele, maar verhandel nie voortdurend regstreeks nie) word gekombineer in voorkeuraandele waar jy nie voortdurend hoef te koop en verkoop nie en 'n vaste koers kry wat nie aan die algemene sentiment van die beurs of 'n groep aandele blootgestel is nie.

Dit is steeds genoteerde aandele en jy geniet al die beskerming van die JSE. Jy weet presies wat die opbrengs gaan wees. Ecsponent se Klas B kapitaalgroei-aandele bied, byvoorbeeld, 'n vaste jaarlikse koers van 11,2% en die belegger betaal geen koste nie.

Jy verminder dus die impak van wêreldmarkte se risikofaktore (soos Donald Trump en nuwe handelsooreenkomste) en plaaslike markte (President Zuma en rommelstatus) uit.

Met Ecsponent se voorkeuraandele het jy gemoedsrus en jy kan die nuwe jaar tegemoet gaan sonder die bekommernis oor hoe politiek jou geld gaan raak.